

**Sondag, 20 Junie 2021**  
**Fokusteks: 1 Samuel 17**

Dit was die jaar 2015. Die rugby wêreldbeker eindtoernooi het plaasgevind. Ek sal nooit vergeet hoe verslae ek saam met duisende ander Suid-Afrikaanse rugby liefhebbers was toe Japan die Springbokke geklop het nie. Wat 'n vernedering! Die Springbokke het 'n trotse rugbygeskiedenis, en hulle het al meermale die beker as kampioene gelig. 'n Span met groot en sterk spelers wat daarvan hou om 'n fisieke wedstryd te speel en hul teenstanders so te domineer. Japan, met hul kleiner en ligter spelers, was nie veronderstel om enigsins hond haar af te maak teen so 'n span met 'n bewese geskiedenis nie. Hulle was die *underdogs*. Tog het hulle teen alle verwagting die wedstryd gewen.

Die jong skaapwagter, Dawid, was ook nie veronderstel om Goliat, die baasvegter van die Filistyne, te oorwin nie. Maar hy het. Ons kan dalk dink dat Dawid die *underdog* was in hierdie verhaal, maar die fokus is op 'n ander tema. Dit wil vir ons leer hoe God se mag in sy koninkryk werk. God se mag werk nie deur militêre en politieke mag nie. Dit is nutteloos in God se koninkryk. Die verhaal in hierdie teks spel dit vir ons duidelik uit.

Saul en sy manskappe was baie bang vir die oormag van die Filistyne, en veral vir die uitdaging en dreigement van Goliat (vers 11). Die buitengewone lengte van Goliat en sy indrukwekkende wapens was net te oorweldigend om hom aan te durf.

- <sup>4</sup> *Toe kom daar 'n baasvegter uit die laer van die Filistyne uit. Sy naam was Goliat en hy was afkomstig uit Gat. Hy was drie meter lank.*
- <sup>5</sup> *Daar was 'n brons helm op sy kop, en hy het 'n harnas met skubbe aangehad. Die gewig van die harnas was sewe en vyftig kilogram.*
- <sup>6</sup> *Daar was bronskerms voor sy bene en tussen sy wapens was daar 'n bronsswaard.*
- <sup>7</sup> *Die steel van sy spies was so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel, en die ysterlem daarvan was sewe kilogram. Sy skildraer het voor hom uit geloop.*

Goliat was iemand wie se konvensionele militêre wapentuig en mag absoluut onvergelykbaar was. As daar nou een Israeliet sou wees wat 'n goeie teenstander kon wees, is dit Saul, die koning self. Ons lees in 1 Samuel 10:23,24 dat hy ook 'n man van buitengewone lengte was. Iemand wat kop en skouers bo sy volksgenote uitgetroon het. Ja, daar was niemand soos hy nie. Maar Saul is bang. Boonop het hy nie naastenby oor die militêre mag en beter wapentuig van die Filistyne beskik nie. Hulle was net eenvoudig 'n oormag.

Saul het egter vergeet van waar Israel se ware mag lê, naamlik by God. Die koning van Israel moes anders wees as die konings van die vyandelike heidennasies. Hulle maak staat op hul wapentuig en militêre vermoë, tesame met hul vertroue in mensgemaakte beelde en afgode. Die konings van Israel moes hul vertroue eerder in God soek en Hom gehoorsaam dien. So skryf Moses reeds lank voor die tyd van die konings al daarvoor in Deuteronomium 17:18-20

- <sup>18</sup> *"Wanneer hy as koning oor sy ryk regeer, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet maak. Hiervoor moet hy die eksemplaar van die Levitiese priesters gebruik.*
- <sup>19</sup> *Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe.*
- <sup>20</sup> *Dan sal hy hom nie bo sy volksgenote verhef en 'n haarbreedte afwyk van hierdie gebod nie. As hy gehoorsaam is, sal hy lank lewe in sy koninkryk, hy en sy seuns tussen sy volk Israel."*

Die fout wat Israel hier maak is om op hul koning se vermoë en militêre mag te vertrou in plaas van die vermoë en krag van God. Hul eie vermoëns blyk nutteloos te wees teen die groter mag van die Filistyne.

Wanneer Dawid hoor wat aan die gang is, bied hy aan om teen die Filistyn te veg.

*32. "n Mens moenie oor hom moedeloos word nie," sê Dawid toe vir Saul. "Ek sal gaan en teen hierdie Filistyn veg."*

*33. Maar Saul sê vir Dawid: "Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is jonk en hy 'n vegter van kindsbeen af."*

Dit is duidelik dat Saul glad nie met God rekening hou nie. Al prentjie waarteen hy vaskyk is Dawid se jonkheid en onervarenheid teenoor die reusagtige Goliat met sy vernietigende wapentuig. Daar kan tog nie 'n goeie uitkoms vir Dawid en Israel wees nie? Maar Dawid vertoon reeds die koninklike eienskappe waarvan Moses geskryf het. Sy mag lê in God. God is groter as die wapentuig van Goliat. Selfs toe Saul sy eie wapenuitrusting aanbied, trek Dawid dit uit, want dis te swaar, en buitendien staan dit nie 'n kans teen die wapens van Goliat nie. Nee, hy sal gaan met die wapens waarmee hy vertrou is - sy slingervel en 'n paar klippies. Moet ook nie dink Dawid was die arme, hulpelose ou skaapwagttertjie nie. Nee, die Here het hom al gehelp in gevare wat die trop skape bedreig het. Hy kan praat uit ondervinding!

*34. Toe sê Dawid vir Saul: "As ek die kleinvee vir my pa oppas, en daar kom 'n leeu of 'n beer en dra 'n lam weg uit die kudde,*

*35. gaan ek agter hom aan en slaan hom dood en red die lam uit sy bek; as hy op my afstorm, gryp ek hom aan sy baard en slaan hom dood.*

*36. Ek het die leeu en ook die beer doodgeslaan, en hierdie heiden, hierdie Filistyn, sal soos hulle word, want hy het die linies van die lewende God verkleiner."*

*37. Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hy sal my red uit die mag van hierdie Filistyn." Toe sê Saul vir Dawid: "Gaan, en mag die Here by jou wees."*

Wanneer Dawid voor Goliat te staan kom, word die verskil tussen God se mag en wêreldse mag duidelik sigbaar. God se naam is groter as alle ander name. Wanneer een nasie 'n ander nasie in 'n veldslag verslaan het, het dit ook beteken dat die sterker nasie se gode ook sterker en magtiger as die swakker nasie se gode was. Dawid het sy vertrou in die enigste ware God geplaas. Wie kan standhou teen die God van die heelal? Dawid oorwin vir Goliat, ja, maar God wys ook sy almag en heerskappy oor alle bese magte. God sal nie toelaat dat die Filistyn sy naam so vervloek nie (vers 43). Dit is met hierdie vertrou dat Dawid die Filistyn tegemoet gaan:

*45. Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jy kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleiner het.*

*46. Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het.*

*47. Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee."*

Hierdie bekende verhaal rig ons oë op God. Ware mag is in Hom te vinde, nie in die loop van 'n geweer of politieke mag nie. Dit laat ons ook moed skep vir lewensituasies wat vir ons duister lyk en uitsigloos is. Soms kom daar krisisse voor jou te staan soos Goliat en waarteen jy nie weerstand kan bied nie. Die omstandighede en probleme is soos 'n oormag soldate wat teen jou optrek. Ons troos lê in die feit dat God

ons lewens in sy hande het. Ons word deur sy mag bestuur en regeer. Plaas jou vertrouwe in dié God wat jou gemaak het en jou met sy liefde wil versorg. Dien Hom en gehoorsaam sy wil.

Dawid kon vorentoe gaan omdat hy teruggekyk het. Hy het onthou hoe die Here hom gered het uit die bekke en kloue van roofdiere. Ons kan vandag ook vorentoe gaan en ons uitdagings in die oë kyk. Ons kan dit met geloofsvertroue doen as ons terugkyk na die kruis van Jesus en sy oorwinning oor die dood. Jesus se mag lê op 'n verrassende wyse in die nederige diens wat Hy gelewer het en skynbaar as 'n hulpelose lammetjie na die slagpale gelei is. Toe het dit ook gelyk asof die oormag van die bose te groot, te bedreigend, te veel was. Maar in die boek, Openbaring, lees ons dat die Lam wat geslag is, verrys het as die Leeu van Juda! (Openb.5:5)

Saul en sy manskappe het moedeloos geword toe hulle die groot Filistyn sien. Dawid het verby Goliath gekyk en vir God gesien. Hoe groter jou God, hoe kleiner die reuse.

#### VONKK 277

U is die lig wat deur die donker skyn.  
 U is die een wat duister laat verdwyn.  
 Skyn in ons harte, dryf die donker uit.  
 Skyn in ons lewens tot in ewigheid.

U is oorwinnaar, U't die dood verslaan.  
 U het as Koning uit die graf gegaan.  
 Breek nou die bande,  
 gooi die boeie neer.  
 Ons is oorwinnaars saam  
 met U, ons Heer.

Jesus Christus, ons glo in U,  
 ons buig voor U neer, buig voor U neer.  
 Jesus Christus, ons God en Heer,  
 ons bring nou aan U die eer.